13 Mei 2022

Geagte Ouers

PITKOS VIR DIE WEEK.

Efesiërs 1:5 - “In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees.”

PERSONEEL

Verjaarsdae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar.

17 Mei – Me. Emmarentia Mostert (Finansies)
17 Mei – Mnr. Albert Hibbert (Gr. 4)

Mag u ‘n geseënde dag en jaar saam met u gesin en familie beleef.

ALGEMEEN

Verlore klere en goedere

Verlore klere, kosblikke en goedere word weer vandag **Vrydag, 13 Mei** vanaf **07:15 – 14:00** voor die saal uitgestal. Ons vra dat u asb. sal kom kyk indien u leerder/s enige items verplaas het. Daar is telkens gemerkte items.

Algemene kommunikasie kanaal op TEAMS

Ons wil ‘n versoek rig aan alle ouers indien u nie op die Algemene kommunikasieteam gelaai is nie dat u asb. vir Theolene sal kontak in die kantoor ALLE belangrike inligting word op die Team gelaai.

KOPLUISE:

Dit het onder ons aandag gekom dat daar kopluise voorkom. Die onderskeie grade het briewe ontvang om ouers in te lig en met raad te bedien.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

Wees asseblief so gaaf en ondersoek u kind se kop in die son vir enige nete op die hare naby die kopvel. Veral agter die ore en op die agterkop. Volwasse luise is moeilik om op te spoor, omdat hulle sensitief is vir lig en baie vinnig beweeg indien die hare geskei word.

Indien 'n leerder met kopluise geïdentifiseer word, sal die kantoor die ouers kontak om die leerder by die skool te kom haal.

Leerders mag slegs terugkom skool toe as die probleem ten volle opgeklaar is.

Sien die **volledige inligtingstuk** wat op **6 Mei** in Algemene Kommunikasie gelaai is.

Baie dankie vir u samewerking.

REDENAARS

Baie geluk aan die volgende leerders wat deurgedring het na die semi-finale ronde van die ATKV-redenaars: Kayden de Kooker, Amerize Kleinsmith, Logan de Kooker en Ziane Delport. Ons is baie trots op julle en wag gretig op die uitslae.

PUBLIC SPEAKING

Ons herinner alle leerders wat graag wil deelneem dat vandag **Vrydag, 13 Mei** die laaste dag is om te registreer met die onderstaande skakel:

https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=Ck3HHwwkNkeT85jL42aAvkNA2PN3bclKls60yOoZaO9UMUdQTTdOMEgxVlZJWVVFTzZEMzhQUVo2Ri4u

Baie sterkte aan elke leerder wat deelneem aan die interne Public Speaking wat op **Woensdag, 18 Mei** plaasvind.

TIENERTONEEL

Laerskool Roodekrans se ATKV-Tjokker-toneelgroep neem **Saterdag, 14 Mei** om **18:00** aan die Gauteng Streeksfees by Hoërskool Noordheuwel deel.

Ons wens hierdie besonderse groep akteurs wat Roodies se eerste toneelgroep is, baie sterkte toe.

Die program is aanlyn beskikbaar by:

- https://indd.adobe.com/view/950ed1e6-3dd1-46a3-917c-5d449b763869

Kaartjies

- is beskikbaar by webtickets.co.za http://webtickets.co.za
- of enige deelnemende Pick ’n Pay.

Ondersteun asb. ons Toneelgroep.

SKAAK

Baie geluk aan die volgende leerders wat deurdring na D12 wat **Saterdag, 14 Mei** by **Crawford International School** sal plaasvind. Ons is baie trots op al die leerders.

Hier volg die uitslae van die uitdunrondte wat op **Saterdag, 7 Mei** plaasgevind het.

O/11 Meisies
Ané Sonnekus - 4de
Marizelle Bianco - 7de

O/11 Seuns
Janko Esterhuizen - 1ste
Aedan Moritz - 4de
Freddie Rademeyer - 7de
Jayden Grundling - 9 de

O/13 Seuns
Liam Poustie - 3de
Alexander van Heerden - 13de
Xander Venter - 15de

O/13 Meisies
Annabelle Bianco - 5de
Carli Nolte – 10de
Alle sterkte vir die skaakwedstryde wat voorlê.

WELPIE-RUGBY EN MINI-NETBAL

Mini-netbal

Saterdag, 7 Mei het Roodies se mini-netbaldogters wat uit 16-spanne bestaan, altesaam 32 wedstryde tydens die Laerskool Louw Geldenhuys Sportdag gespeel.

Roodie-sportmiddag vir Mini-netbal en Welpie-rugby

Die mini-netbaldogters en Welpie-seuns het 'n besige week agter die rug.

Woensdag, 11 Mei het Roodies 'n sportmiddag aangebied waartydens die volgende skole deelgeneem het: Crawford College en Laerskool Helderkruin.

Daar is altesaam 16 welpie-rugbywedstryde gespeel terwyl die dogters op die netbalbane met 17 spanne gewikkel het.

Dankie aan almal wat 'n bydra gemaak het tot ons Mini-sportmiddag. Dit was 'n heerlike middag en ongelooflik om te sien hoe ons mini-sportsoorte se kinders so pragtig tot dusver in die seisoen ontwikkel het.

Welpie-rugby interne sportmiddag vir 0/6- – 0/8-seuns

Om te verseker dat ons seuns soveel as moontlik blootstelling kry, het ons besluit om 'n interne Welpie-rugbymiddag vandag **Vrydag, 12 Mei** by die skool te hou.

Die program is op teams gelaai. Daar is geen spanne nie, aangesien al die seuns gaan speel.

Welpie-rugby wedstryde teen Trinity Rand Park Ridge Woensdag, 18 Mei te **Laerskool Roodekrans.**

Die program en spanne sal **Maandag, 16 Mei** op Teams gelaai word.

#RoodieMassadeelname, #RoodieNetbal, #RoodieRugby

KRIEKET

Vrydag, 6 Mei het die toerspanproewe vir die 0/10- en 0/11-seuns plaasgevind.

Saterdag, 7 Mei was dit die 0/12- en 0/13-seuns se beurt om hul vaardighede vir die afrigters tydens die proewe te kon wys.

Al die seuns wat gaan toer, het reeds briewe ontvang. Alle gelde vir die proewe moet voor of op 10 Junie ten volle betaal wees.

Ons wil graag die seuns wat nie die toerspanne gemaak het nie, aanmoedig om nie op te hou oefen nie. Aangesien ons ontwikkelingspanne het wat wedstryde sal speel.

Ons is bitter opgewonde oor die opkoms van seuns by die proewe. Dis altyd lekker om soveel belangstelling te sien.

#RoodieKrieket

RUGBY

Ons het **Dinsdag, 10 Mei** teen Laerskool Orion gespeel. Baie dankie aan elke seun en toeskouer wat ons seuns kom ondersteun het.

Die wedstryd uitslae was soos volg:

0/9A Wen 28 - 0,
0/9B Wen 27 - 10
0/10A Verloor 21 - 3
0/10B Wen 19 - 7
0/11A Wen 19 - 18
0/11B Wen 45 - 0
3de Wen 47 - 5
2de Wen 15 - 12
1ste Verloor 28 - 12

Die seuns het **Donderdag, 12 Mei** hul tweede ligawedstryd vir die week teen Laerskool Fairland te Laerskool Fairland gespeel.

Die seuns het hul harte uitgespeel tydens baie kompeterende wedstryde.

Die wedstryd uitslae was soos volg:

0/9A Verloor – 10 - 24
0/9B Verloor – 37 – 0
0/10A Verloor - 28 – 0
0/10B Verloor – 15 - 12
0/11A Wen - 19 – 18
0/11B Verloor - 22 - 12
3de Verloor – 28 - 5
2de Verloor 20 - 12
1ste Verloor 42 - 5

Baie sterkte aan al die spanne met hul ligawedstryde teen Laerskool Kenmare wat **Dinsdag, 17 Mei** te **Laerskool Roodekrans** plaasvind.

Die program en spanne sal Maandag middag op TEAMS gelaai word na afloop van die oefening.

NETBAL

Oefeninge: O/10 tot O/13

Alle netbaloefeninge vir die O/10 tot O/11 A-, B-, C- en D-spanne, asook O/12 en O/13 B-, C- en D- spanne staak vir die seisoen. Ons wil graag vir elke speler dankie sê dat hul getrou kom oefen het en Roodies se naam hoog gehou het.

Biokinetikus:

Die sessies vind vanaf Dinsdag, 17 Mei 2022 slegs vir die O/12 A- en O/13 A-spanne in die saal plaas.

Oefentye:

O/12 A- en O/13 A- spanne se oefentye verander na 13:45 tot 15:15 vir volgende week. (16, 17, 19 Mei)

Mini-netbal

Alle mini-netbalspanne se oefeninge gaan steeds normale tye voort tot verdere kennisgewing.

Ligawedstryde teen Laerskool Kenmare

Ons het **Dinsdag, 10 Mei** teen Laerskool Kenmare te Laerskool Kenmare netbal gespeel. Baie geluk aan al die spanne wat gespeel het en dankie aan elke toeskouer wat ons spanne kom ondersteun het.

Hiermee die uitslae soos volg:

0/10A	Verloor	13 – 7
0/10B	Wen	3 – 7
0/10C	Wen	1 – 7
0/11A	Verloor	14 – 3
0/11B	Verloor	8 – 7
0/11C	Wen	3 – 10
0/12A	Wen	6 – 28
0/12B	Wen	2 – 8
0/12C	Wen	1 – 12
0/13A	Gelyk	10 – 10
0/13B	Verloor	13 – 11
0/13C	Wen	2 – 6

Ligawedstryde teen Laerskool Helderkruin

Ons het **Donderdag, 12 Mei** teen Laerskool Helderkruin te Laerskool Roodekrans gespeel. Baie geluk aan al die spanne ons dogters het voorwaar die Roodie-naam hoog gedra tydens die wedstryde. Dankie aan elke toeskouer wat ons spanne kom ondersteun het.

Hiermee die uitslae soos volg:

0/10A	Wen	11 - 4
0/10B	Wen	11 – 6
0/10C	Wen	12 – 11
0/10D	Wen	6 – 0

0/11A	Verloor	10 – 3
0/11B	Wen	11 – 5
0/11C	Wen	9 – 8
0/11D	Wen	1 – 0
0/12A	Wen	25 – 10
0/12B	Wen	19 – 3
0/12C	Wen	14 – 5
0/12D	Wen	15 - 6
0/13B	Wen	16 – 13
0/13C	Wen	14 – 4

Baie sterkte aan die O/13 A-span wat **Maandag, 16 Mei** hul laaste ligawedstryd van die seisoen speel teen **Laerskool Helderkruin.**

O/12A tree uit as Ligawenners

'n Besondere geluk aan die 0/12A-span wat as ligawenner uitgetree het. Ons is baie trots op julle!

Die 0/12A dring deur na die Gauteng-kampioenskappe wat op **16 en 17 Junie** te Hoërskool E.G. Jansen sal plaasvind.

Ons wens julle alle sterkte toe en glo julle sal Roodies se naam hoog hou!

#RoodieNetbal #Eendoelvooroë

ROODIE-GHOLFSPAN

Baie sterkte aan ons gholfspan wat **Vrydag, 20 Mei** hul eerste vriendskaplike rondtes teen Laerskool Protearif en Laerskool Randfontein se gholfspanne speel. Geniet julle rondte gholf.

#RoodieGholf

HOKKIE

Ons hokkie-toer is slegs vir die O/12- en O/13-seuns en -dogters. Die toer vind plaas vanaf **15 tot 17 Julie** by **Mutango Lodge** en die kostes beloop **R2000.00** vir die toer.

Vul asb. die onderstaande MS Team vorm in indien u kind die toer wil bywoon.

Toestemmingsvorms asook mediese vorms kan vanaf **Maandag, 16 Mei** by Juffrou Jessica in K4 afgehaal word. Stuur asb. die voltooide vorm so gou moontlik terug skool toe.

https://forms.office.com/Pages/ShareFormPage.aspx?id=Ck3HHwwkNkeT85jL42aAvi4pY27y4clIqFRDUhrGwXxUOTE3RTFRRDBOU0VVMzRYQ0U1N1kwQUFWTS4u&sharetoken=hC1u1Kh8iN777BaWBcda

LANDLOOP

Landloop-oefening vir die week: Maandag, Dinsdag en Donderdag om 16:00 tot 16:45.

PRESTASIE BUITE SKOOLVERBAND

Karate

Baie sterkte aan die volgende leerders en Juffrou Chané Lemmer wat die naweek **Vrydag, 20** en **Saterdag, 21 Mei** aan die Suid Afrikaanse JKA Karate Kampioenskappe te Standard Bank Arena in Johannesburg gaan deelneem.

- Dreyer Strauss
- Burgert Louw
- Brian Leygonie
- Natalie Conradie
- Juffrou Chané Lemmer

Ruitersport

Baie sterkte aan die volgende leerders wat **Saterdag, 14 Mei** by Maple Ridge aan die SANESA interskole byeenkoms gaan deelneem.

- Monja Wagenaar
- Josslyn Mansfield
- Tiné Botha

Roodies hou vir elkeen van julle styf duimvas.

Groete

_____

HOOF

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net